

9

SIEKTE

Iemand is siek – wat nou?

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die ouers en kinders moet weet dat God vir ons sorg ook as ons siek is.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die ouers en kinders moet weet –

- dat enige mens siek kan word.
- dat God ook na ons omsien en by ons is as ons siek is.

Gesindheid

Die ouers en kinders moet –

- op God vertrou as hulle siek is.
- bereid wees om vir mense wat siek is te bid en hulle te help.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om –

- te vertel hoe God hulle al gehelp het toe hulle siek was.
- iemand te troos wat siek is.
- 'n kort gebed te bid vir iemand wat siek is.

MEER INLIGTING (Romeine 8: 26-39, veral vers 38; Psalm 23: 1 en 4)

Julle het al baie van mense gehoor wat siek is. Ons almal word soms siek. Sommige siektes soos verkoue en maagpyn is nie ernstig nie. As ons sulke minder ernstige siektes kry, word ons gou gesond. Maar daar is ook siektes waarvan 'n mens nie heeltemal gesond word nie. Soms word sulke mense dan moedeloos en wonder hulle hoekom dit met hulle gebeur. Dit is belangrik dat ons moet weet dat wanneer ons siek is, God steeds vir ons omgee en vir ons lief

is. Onthou, siekte is nie 'n straf van God nie. God maak nie mense siek nie. Siekte is nou maar eenmaal deel van hierdie wêreld.

Daar is baie redes hoekom mense siek word. Soms maak mense verkeerde keuses in die lewe, soos om verkeerde en ongesonde kos te eet – dan word hulle siek. Ander mense rook en drink te veel. Party mense se lewe is so gejaag dat dit hulle moeg en moedeloos maak. As ons te min of geen fisiese oefening doen nie, word ons ook maklik siek.

Ons lees in die Bybel dat Jesus mense gesond gemaak het. Net soos Jesus in die Bybelse tyd vir siek mense omgee het, gee Hy vandag ook om vir siekes. Daarom kan ons vir siek mense bid en vir God vra om hulle gesond te maak. Wanneer ons weet iemand is siek, kan ons iets van God se liefde wys deur hulle te gaan besoek en vir hulle te bid. So gebruik Jesus ons om sy liefde na mense uit te dra. Onthou, ons het uit die Bybel gelees dat niks in die lewe ons ooit van die liefde van God kan skei nie, selfs nie siekte nie.

Ons mag bid dat as dit die wil van die Here is, iemand gesond mag word. Ons kan God nie dwing om siek mense gesond te maak nie. God gebruik ook ander maniere om ons gesond te maak. So gebruik Hy dokters en medisyne om ons gesond te maak. Daarom moet ons ook vir die dokters bid dat hulle die regte behandeling sal gee en die regte medisyne sal voorskryf. Ons mag ook bid dat die medisyne wat ons gebruik, ons gesond sal maak. God gee vir ons almal om. Daarom kan ons ons bekommernisse en versoeke na Hom toe vat. Hy sal op sy manier en op sy tyd vir ons uitkoms gee.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Reël met die ouers om die klas te kom bywoon.
- Reël met een van die ouers om met gebed te open.
- 'n Kaartjie vir elke kind met 'n voorbeeld van 'n gebed:

Ons Vader wat in die hemel is, baie dankie dat ons gesond is. Ons bid vir

.....
(persoon of persone se naam of name moet hier gesê word)

wat baie siek is. Sal U hulle asseblief weer sterk en gesond maak? Ons bid ook vir die mense in die ouetehuse se siekeboeg en almal wat siek is in hospitale en by hul huise. Baie dankie dat ons dit vir U mag vra. Amen.

- Muurkaart met Psalm 23: 1 en 4 daarop:

*Die Here is my herder,
ek kom niks kort nie...*

*Selfs al gaan ek deur donker dieptes,
sal ek nie bang wees nie,
want U is by my.
In u hande is ek veilig.*

KOM ONS BEGIN

Reël vooraf met 'n ouer om te bid.

HET HULLE ONTHOU?

- Kontroleer of hulle by Les 7 aan die hand van Dawid se mooi eienskappe, die mooi eienskappe van familielede en vriende in die raampie voltooi het.
- Laat enkele kinders vertel vir wie hulle dankie gesê en komplimente gegee het.
- Kontroleer of hulle die ontbrekende woorde kan invul:
 - God weet wat ons en wat ons is. (*dink, gesindheid*)
 - Ons moet nooit maats wat anders as ons is van hulle praat nie. (*spot of lelik*)
 - Wees met mense wat anders as jy is. (*vriendelik*)
 - dit as ander mooi dinge doen of sê. (*Waardeer*)
 - Sê altyd vir die goeie dinge wat jy het. (*dankie*)
 - Hoe ons lyk is nooit as wat ons dink of wat ons gesindheid is nie. (*belangriker*)
 - *Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die, maar die Here na die (1 Samuel 16: 7b). (uiterlike, innerlike)*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Vra 'n ouer om Romeine 8: 38 en 39, en Psalm 23: 1 en 4 voor te lees.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en verduidelik hoe siekwees werk.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer by hulle in:

- Ons almal word soms siek.
- Daar is ernstige en minder ernstige siektes.
- Wanneer jy siek is, moet jy weet God gee vir jou om.
- Siekte is nie 'n straf van God nie.
- God maak nie mense siek nie.
- Daar is baie redes hoekom mense siek word:
 - Hulle eet verkeerde en ongesonde kos.
 - Hulle rook en drink te veel.
 - Die lewe is gejaagd.
 - Ons kry te min of geen fisiese oefening.
- Wanneer mense siek is, moet ons vir hulle bid.

IETS OM TE DOEN

- Lees weer Psalm 23: 1 en 4.
- Vra 'n ouer om iets te vertel van iemand wat baie siek was en hoe daar vir die persoon gebid is, en wat die gebed vir almal beteken het.

- Laat die kinders die name noem van familie of vriende wat ernstig siek is.
- Gee vir elkeen 'n gebedskaartjie en laat hulle die name op hul kaartjies invul.
- Laat die kinders en ouers in klein groepies vir die mense bid – hulle mag die kaartjie se gebed gebruik of hul eie gebed.

BY DIE HUIS

Doen

- Laat die kinders vir hul ouers vra om hulle na 'n siek persoon in die hospitaal of tuis te neem vir 'n besoek.
- Die ouer kan 'n stukkie uit die Bybel voorlees en die kind kan vir die persoon bid.

Leer

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Ons almal word soms siek.
- Daar is ernstige en minder ernstige siektes.
- Wanneer jy siek is, moet jy weet God gee vir jou om.
- Siekte is nie 'n straf van God nie – siekte is deel van hierdie onvolmaakte wêreld waarin ons bly.
- God maak nie mense siek nie.
- Daar is baie redes hoekom mense siek word:
 - Hulle eet verkeerde en ongesonde kos.
 - Hulle rook en drink te veel.
 - Die lewe is gejaagd.
 - Ons kry te min of geen fisiese oefening.
- Wanneer iemand siek is, moet ons vir hulle bid.

AFSLUITING

Sluit af met gebed. Bid in die besonder vir almal in die gemeente wat siek is.